Uit Liefde Vir Jou Gesin

'n Boek vir getroude mans

Geskryf deur

Prof. Past. Dr. Rudolph David de Witt

Inhoud

Voorwoord

Inleiding

Hoofstuk 1 Jou Finansies en Begrotings

Hoofstuk 2 Jou Godsiens en Geloof

Hoofstuk 3 Jou Beroep en Ambisie

Hoofstuk 4 Jou verhouding met jou vrou

Hoofstuk 5 Seks en Liefde

Slot

Voorwoord

91% Getroude vroue het 'n behoefte aan werklike kameraadskap in die huwelik en 29% mans is bereid om dit aan hul vrouens te verskaf. Die gevolg is dat daar onvervulde leemtes in die vrou se lewe is.

Hierdie boek is spesiaal vir getroude mans geskryf. Die boek handel oor hoe om te voorkom dat 'n situasie binne jou huwelik ontstaan, wat sal lei tot 'n onkeerbare verbrokkeling in die verhouding tussen jou en jou gesin. Die riglyne wat hier verskaf word, het sy oorsprong hoofsaaklik uit drie bronne.

1. Praktiese ervaring uit vele huweliksberadings wat ek met paartjies gehad het.

2. Persoonlike ervaring uit twee egskeidings wat op my pad gekom het.

3. Die waarheidsbeginsels in God se Woord.

Inleiding

Dikwels lei die situasie van onvervulde behoeftes, tot 'n gebrek aan kommunikasie binne die huwelik en vervreem die paartjie ast'ware van mekaar oor 'n tydperk, totdat die een of ander gebeurtenis die vrou se diep verborge gevoelens na vore bring en dan volg 'n stormagtige tydperk waarin beskuldigings oor en weer geslinger word en in die meeste gevalle uiteindelik uitloop op 'n egskeiding.

Die hoofoorsake van vroue se besluit om te skei word vervat in:

-Die mate van respek wat jy betoon teenoor jou vrou

-Die mate van onvoorwaardelike liefde wat jy betoon teenoor jou vrou

-Die mate van voldoende kommunikasie tussen jou en jou vrou

In hierdie boek gaan ons dus nie net kyk na die man se aandeel in die verbrokkeling van 'n verhouding nie, maar ons gaan ook na die vrou se behoeftes kyk, en vasstel waarom

daardie behoefte van haar nie vervul word nie. Bitter min vroue sal ontrou raak teenoor haar man, slegs omdat sy aan haar wellus geen keer kan plaas nie.

Daar is dikwels 'n grondige rede agter die vrou se motivering om uit die huwelik weg te breek. Baie van hierdie redes, kan egter mee gehandel word indien dit betyds ge-identifiseer word as 'n werklike las op haar skouers en die onvervulde behoeftes wat daarmee gepaard gaan. Ook by die man is daar dikwels 'n behoefte wat ontstaan het asgevolg van 'n onrealistiese verwagting wat hy jeens sy vrou koester.

Meneer, as jy jou in 'n situasie bevind wat dui op huweliksprobleme, en jy erns wil maak met jou huwelik en die herstel van jou verhouding met jou vrou, dan moet jy asseblief hierdie boek lees. Indien jy nie belangstel om jou huwelik te verbeter nie, maak dan die boek net hier toe.

In hierdie boek praat ek reguit en op die man af met die getroude mans. As hier gedeeltes is wat nie op jou van toepassing is nie, gaan daar verby. Hierdie boek is 'n manne boek waarin daar nie doekies omgedraai word nie.
Dit is 'n "raas" boek in liefde, maar reguit tot die hart van menige getroude mans sal spreek en lei om die regte besluite te neem om te verander wat nodig is om te verander.

HOOFSTUK 1

Jou Finansies en begroting

Almal ken die spreekwoord: "Wanneer armoede by die voordeur instap, stap liefde by die agterdeur uit." Baie van ons glo dit, en begin dit leef soos wat die tyd aanstap en daar nie verbetering in ons finansieële sake kom nie.

Die man is gefrustreerd omdat hy klaarblyklik "sy agterent los werk" en tog kom hulle nie die mas op nie. Gevolglik raak hy ge-aggiteerd teenoor sy vrou, behandel haar onbeskof, en vloek op haar wanneer sy dalk na die man se sin geld vermors het op "onnodige" goed.

Meneer, dit is verkeerd om jou frustrasies oor jou finansies op jou vrou uit te haal. Sy is jou maat, sy is **saam** met jou in daardie situasie, julle moet **saam** met mekaar werk en nie **teen** mekaar nie. As sy dan vir haarself iets gekoop het- wel wat daarvan? As jy vir jou sigarette of drank of iets dergliks kan koop om JOU behoeftes te bevredig, waarom kan sy nie vir haar 'n kledingstuk koop of iets vir die kinders aanskaf

nie? Omdat haar optrede nie JOU idee van 'n begroting pas nie? Snert!

Geen mens het werklik 'n tekort aan finansies, as hy geld het vir drank, siggarette of om mee uit te gaan nie. Sommige mans is van mening dat solank as wat sy motor vol petrol is, die basiese huishoudelike uitgawes betaal is, en al sy behoeftes bevredig is, dan klop die begroting. Wat 'n redenasie! Nee ou maat, dit is tyd dat jy wakker skrik en besef dat jou behoeftes **nie** prioriteit geniet in jou huishouding nie.

Meeste gertoude mans het minstens drie ander mense, saam met hom in die huishouding wat ook behoeftes het, en waaraan aandag gegee moet word- nie volgens wat **jy** dink nodig is nie, maar volgens wat jou vrou dink is nodig.

Dit is belangrik dat julle saam sal sit en 'n gebalanseerde beplanning doen rondom elkeen se behoeftes.
Uit 'n vrou se oogpunt is die aankoop van 'n paar skoene vir haar baie belangrik. Uit jou oogpunt is dit **nie** - "omdat sy 'n kas vol skoene het" Wanneer gaan jy besef dat jou vrou haarself wil laat goed lyk? Miskien omdat jy al verleer het om haar te prys oor haar voorkoms?

Sy het nodig om daagliks komplimente van jou te ontvang. Vir die vrou is haar man se voordurende goedkeuring en aanvaarding van groot belang.

Dit help nie om te sê "sy weet ek het haar lief of sy weet ek dink sy lyk goed" nie- Jy moet dit demonstreer! Gaan dit regtig soveel van jou vat om jou vrou bietjie te bederf met die aandag en liefde waarna sy so smag? Of wil jy dit maar vir 'n ander man los dat hy dit aan haar verskaf? In die meeste gevalle sal 'n vrou haar behoeftes eenkant skuif as dit beteken dat sy daardeur intieme geselsies, aandag en liefde en koestering van haar man kan beleef.

Het sy jou al ooit aangeval as jy vergeet het om die water en ligte rekening te betaal? Waarom doen jy dit? Het jou vrou haar al ooit gewip en vir 'n aand alleen saam met haar vriende uitgegaan as julle stry gekry het oor die geldsake?
Waarom doen jy dit? Tit for tat ou maat, wat jy insit, sal jy uitkry, wat jy saai sal jy maai, maar net op 'n ander onverwagte wyse!

Sommige mans het genoeg geld om tydens etenstyd of 'n "braaivleis" by die werk, saam met hul vriende te gaan uiteet en kom hy in die aand by die huis, is hy opgeruk omdat sy

vrou 'n kombuisartikel gekoop het wat volgens hom "heeltemaal onnodig is" Sommige mans hou vir hulself "sakgeld of "spending money" uit, om die naweek te gebruik by die viswaters of 'n uitstappie wat meer daaroor gaan om **homself** te laat ontspan as wat dit gaan oor **kwaliteit tyd**, saam met sy gesin deur te bring.

Dit is ook hierdie man wat sy vrou sal kritiseer as sy volgens hom geld gebruik het op iets wat volgens hom 'n vermorsing van geld was. Meneer, as jy net die moeite sal doen om behoorlik met jou vrou te kommunikeer en tyd sal maak om met haar oor alledaagse dinge te gesels, sou jy lankal agtergekom het wat jou vrou nodig het en waarom sy dit nodig het, en sal jy 'n konflik situasie oor die klaarblyklike "spandeer geld op iets wat nie nodig is nie" kon vermy het.

Moenie soos 'n tiran of 'n Hitler teenoor jou vrou optree nie. Waarom is dit vir die vrou altyd nodig om jou toestemming te vra voor sy geld kan aanwend vir iets? Terwyl jy byna nooit haar toestemming vra wanneer jy geld gebruik op iets nie? Inteendeel **sê jy net wanneer dit jou pas,** vir haar jy het geld gebruik op iets, en eers nadat jy dit wel gedoen het. Is dit omdat jy die man is- die een wat hiet en gebied, die een wat al die besluite neem? Is julle nie mekaar se maats nie? Gelyk voor God? Of ag jy jouself hoër of beter of meer bevoeg as jou vrou?

Wedersydse vertroue in die huwelik geld **nie** net ten opsigte van lojaliteit in die liefdesverhouding nie, dit geld ten opsigte van **alle** fassette in die huwelik, geldelike aspekte ingesluit! Die feit dat jy die hoof is van die huishouding, beteken nie dat jy haar baas is en dat jou woord uitsluitlik wet is nie- "come hell or high water!" As jy jouself wil kwalifiseer as die hoof in die huishouding, doen dit dan op die **regte** manier.
Die regte manier is om teenoor jou vrou en huisgesin op te tree volgens die waarheidsbeginsels in God se Woord. In die volgende hoofstuk praat ek meer oor die man se rol as hoof van die huishouding.

Jy sal jou gesindheid en gedagtegang moet verander en daadwerklik 'n poging moet aanwend om besluite te neem wat sal lei tot 'n gesonde uitkyk oor julle finansieële situasie. God het aan ons 'n eie wil en vermoë gegee om besluite te maak en keuses uit te oefen. Ek glo dat as jy eers jou denkpatroon verander, dan verander jy jou gedagtegang, jou woorde, jou dade en jou geloof.

Die moeilike gedeelte hieromtrent, is om die verandering te weeg te bring en te aanvaar. Ek was in my veertigs toe ek my denkwyses begin verander het. Onthou, vir meer as veertig jaar, was ek geskool in 'n sekere manier van dink, doen en praat. Toe Jesus Christus skielik in my lewe kom, moes alles

verander en dit is voorwaar nie speletjies nie. My ou manier van dink doen en praat was geneig om my nuwe onbekende lewe te domineer.

Ons ag ons beursies en aardse sekuriteit, hoër as die geldelike behoeftes vir God se werk. Vir baie mense is dit maklik om R50 te spandeer tydens ‘n sosiale geleentheid. Dit lyk na kleingeld gemeet teen vandag se duur lewe. Maar hoe ontsaglik baie lyk daardie einste R50 noot tog as ons dit in die kollekte sakkie moet gooi!
Onthou, 'n mens is eers ryk wanneer jy ter enige tyd kan kry en koop wat jy nodig het en nie wat jy begeer nie.'n Mens is eers ryk as jy voorspoedig is in jou weë.'n Mens is waarlik ryk, as jy in besit is van Christus se outoriteit. Dit is ‘n hindernis vir jou gebede as jou geld en jou goed in jou pad kom staan en jou verhinder om met God te kommunikeer.

Wanneer te veel materieële dinge in jou pad kom staan, raak dit al moeiliker om op Jesus se voetspoor te loop en sinvol met Hom te kommunikeer. In die verhaal van die ryk jong man in **Markus 10:25**, vertel Jesus aan Sy dissipels dat dit makliker is vir ‘n kameel om deur die oog van ‘n naald te kom, as vir ‘n ryk mens om in die koninkryk van God te kom.

Hoekom het Jesus dit gesê? Want 'n ryk man sal eerste na sy beursie hardloop om 'n probleem op te los, as om tot God te

bid vir genade en wysheid in die saak. Sodoende word die ryk man meer afhanklik van sy beursie as van God, aan wie in elkgeval al die rykdomme van die aarde behoort.

God vra van jou, dat jou besittings **nie** jou verhouding met hom sal bepaal nie. Dat jy gewillig sal wees om in die behoeftes van ander mense te voorsien. In **Jesaja 58:10** staan daar: “As jy jou toewy aan die wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van die wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag”
Die bevel oor die gee van tiendes was wel eerstens aan die Jode gegee. Dit word egter in die Nuwe Testament ook beveel. In **1 Korinthiërs 16:2** staan: “Op die eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsysit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie”

2 Korinthiërs 9:6,7 – “Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, en nie met droefheid of uit dwang nie, want God het ‘n blymoedige gewer lief.”

Abraham, die persoon wat getrou sy tiendes gegee het, was ‘n man van geloof en word in **Hebreërs 7:1-10** as voorbeeld gebruik vir die Nuwe Testamentiese Christen.In **Markus**

12:41,44 het die weduwee haar laaste geldjie gegee.

In **Handelinge 4:34-37** sien ons hoe die heiliges in Jerusalem alles gegee het. Iemand het eendag hierdie wysheid kwytgeraak: Hulle wat sê: “Ek het Jesus lief” en Hom nie liefhet met ‘n rand uit elke tien rand nie, sal nie ver vorder in hulle gebedslewe nie.

God soek eintlik gehoorsaamheid en toewyding, nie jou geld nie, want alles wat jy het, behoort in elk geval aan Hom. Elke goeie gawe is van Hom afkosmtig en niks behoort aan ons nie.
Met niks het ons die wêreld ingekom en met niks sal ons daaruitgaan. Ons verantwoordelikheid is om dit wat Hy aan ons toevertrou het, verstandig te bestuur, sonder dat ons besittings belangriker raak as God.

Geld en goed kan dus maklik die rede wees waarom jou gebedslewe so flou is en God dalk ook vir jou sê: “Met die vloek is jy belaai, omdat jy My beroof het”

Jou gebede word blokkeer deur verkeerde dinge wat nie reggestel is nie, skulde wat nie betaal is nie, en gevoelens wat nie versoen is nie. In **Romeine 13:7,8** staan die volgende: “Betaal dan aan almal wat hulle verskuldig is: belasting aan die wat belas, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, en eer aan die wat eer toekom. Wees aan niemand iets

verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê…”

In **Matthéüs 5:26** en **Lukas 12:59** maan Jesus ons om ten minste ‘n reëling te tref met die aan wie ons iets verskuldig is, as ons nie die skuld dadelik kan vereffen nie. Sommige mense bid baie lank en die Here hoor nie. Sommige gee baie geld, maar dit baat hulle niks. Niks wat jy doen is vir Hom welgevallig nie, want jy moet jou eers gaan versoen met jou broeder.

Dis geveins om te probeer bid of werk, as u nie eerlik met sonde gebreek het of reggemaak het wat jy teenoor ‘n medemens verkeerd gedoen het nie, soos om skuld te betaal. Baie van ons gebede word nie verhoor nie, want die geroep van die ander wie ons veronreg het, roep harder na die hemel. Net soos Kain probeer het om met God te praat, maar Abel se bloed het harder geroep na God.

In **Exodus 22:22,23** waarsku die Here dat hy ‘n verdrukte weduwee of wees se geroep sal hoor en dat Hy met die sal afreken wat hulle verdruk. Die Heilige Gees sal, as jy Hom vra, baie vinnig aan jou openbaar wie jy verontreg het.
So vinnig as wat jy die saak gaan regstel, so vinnig sal jou gebed verhoor word.

Met inagneming van abnormale omstandighede is daar ‘n paar algemene verskynsels van uitstaande skulde wat nie

betaal word nie.
-Agterstallige huurgelde, Lone, en Belasting.
-Uitstaande Dr’s rekeninge, TV lisensie gelde, Studie fooie, Boete kaartjies, -Assuransie en Lenings wat tussen mekaar aangegaan is.

Solank as wat skuld tussen jou en God staan, en jy niks daaraan doen om dit te vereffen nie, sal jou gebede nie verhoor word nie. Lees gerus oor Saggeus na sy bekering: **Lukas 19:8:**“Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vier dubbel terug” Jesus se kommentaar daarop in Lukas 19:9 was: “Vandag het daar vir hierdie huis redding gekom”

Eers wanneer jy jou skuld betaal of reelings tref om dit te betaal, hetsy per brief, tjek of persoonlik, is jy gereed om die volle vreugde en gemeenskap van gebed te ervaar.

As jy geld uitleen, doen dit sonder om iets terug te verwag. Sodoende sal jou geld nie die oorsaak raak van onverhoorde gebede nie. Die oomblik wat jy daardie geld in jou hart "afskryf" aktiveer jy die Here se seën in jou lewe. Lees gerus die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser in **Matthéüs 18:15-35**

HOOFSTUK 2

Godsiens en geloof

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om vir jou te preek of om jou tot bekering te lei nie. Dit fokus op die man se argelose houding teenoor die godsdiens en geloof van jou huisgesin.

Dit is 'n welbekende feit dat die meerderheid getroude vroue alleen kerk toe gaan of selkerke bywoon omdat die man een of ander probleem of verskoning het om dit nie te doen nie.

Jou vrou het bes moontlik voor jou tot bekering gekom en haar hart aan die Here oorgegee. Sy beweeg nou op 'n hoër geestelike vlak as jy en as daar voorheen kommunikasie probleme was tussen julle, sal dit nou net vererger want julle dink en redeneer nie meer op dieselfde vlak nie.

Baie mans is nie gediend met die feit dat hul vrouens skielik nie meer so afhanglik van hul mans is nie, omdat hul vrouens se vertroue in God 'n groter prioriteit is en meer gewaarborgde beloning is vir die vervulling van hul behoeftes. Gevolglik voel die man nou minderwaardig en uit plek. Sy optrede spreek van 'n argelose gesindheid, en hy raak vies en kortaf as die vrou met hul begin praat oor die dinge van God.

Meneer, jy wat nou tydens die eerste hoofstuk daarop geroem het dat jy die hoof van die huishouding is, aan jou wil ek sê om daardie stelling in **elke aspek** van jou huwelikslewe uit te leef. Waarom moet jou vrou sorg dat die kinders in die sondagskool kom? Waarom moet jou vrou die kinders van die Here leer?

Waarom laat jy die geestelike gedeelte aan jou vrou oor sodat sy maar op haar eie moet aan karring terwyl jy, "die hoof van die huis" eintlik die een is wat jou gesin in hierdie dinge moet lei en die **voorbeeld stel! Of** vir hoe lank gaan jy nog

aanhou om net jou kinders by die kerk af te laai en weer te ry?

Hoeveel mans, laat hul vroue maar alleen kerk toe gaan op 'n sondag, omdat hulle nie die krieket of die agtuur fliek op TV wil mis nie? Meneer, jy wat daarop roem dat jy net die beste vir jou gesin gee, is so optrede werklik jou beste? Watse voorbeeld stel jy vir jou kinders? Jou kinders word wel deur jou gedwing om kerk en sondagskool toe te gaan, maar hul visuele lering ervaar hulle by jou, en eendag gaan hulle presies soos jy optree en dan kan jy nie verstaan waarom hulle van die pad afgedwaal het nie, want jy het hulle "dan reg grootgemaak"

Wie lees vir die kinders uit die woord van God saans en laat hulle bid ? Jy? Nee meneer, jy laat daardie takie aan jou vrou oor, want jy het nie die moed of lus om dit te doen nie. Of dalk voel jy "te skaam" en nie "goed genoeg" of "heilig genoeg" om jou kinders in die vrese van die Here groot te maak nie. Bid jy ooit saam met jou vrou? As jy begeer dat jy en jou vrou nader aan mekaar sal wees, kniel saam met haar in gebed en ervaar die seëninge wat oor jou neerdaal.

Baie mans uiter die verskoning dat hulle nie kan bid nie.

Snert! As jy kan praat, kan jy bid. Wie het jou wysgemaak dat jy eers "gekwalifiseerd" moet wees voor jy kan bid? Om te bid, beteken om met God te praat. Hy word geensins beindruk deur die gebruik van geleerde woorde of taalgebruik wat nie deel is van jou normale spraak nie. God wil dat jy tot Hom bid, in jou eenvoudige eie manier van bid- nie soos wat jy ander mense al hoor bid het nie, en allermins soos 'n geleerde predikant.

Dit is tyd dat jy wakker skrik en besef dat die geestelike opvoeding van jou huisgesin **jou verantwoordelikheid** is. God sal van **jou** rekenskap eis oor jou argelose houding jeens die geestelike versorging van jou huisgesin. Jy is die hoof van jou huisgesin, jou verantwoordelikheid strek nie net tot by die fisiese versorging nie, maar ook die geestelike versorging deur voorbeeld en leiding.

Die huisgesin wat jy het, is deur God aan jou geskenk. God het geweet wat Hy doen toe Hy daardie huisgesin in jou sorg toevertrou het. Hy het ook geweet dat jy wel daartoe instaat is om te doen met hierdie gawe wat Hy van jou verwag om te doen.

Sou jou huwelik op die rotse loop, dan gaan jy baie vinnig na God roep en allerhande beloftes doen en mooi praat en smeek, maar dan mag die skade dalk reeds te groot wees! Jou

gesin is 'n **geskenk** van God. Is jy dalk besig om hierdie geskenk so gruwelik te verwaarloos dat dit merke van onuitwisbare emosionele pyn veroosaak? Hoe praat jy met jou vrou? Jou kinders? Is vloek, skel of 'n nors kortaf houding maar deel van jou spraak wanneer jy kwaad en gefrustreerd is? Nee meneer, dis nie menslik nie, dis sonde!

As jy nie weet hoe om die woelinge en emosies in jou binneste te hanteer en te verwerk nie, dan is jy bes moontlik geestelik nog baie onvolwasse. Sulke mans neig ook om tydens 'n rusie, op hul vrouens te vloek omdat hulle nie instaat is om hulself te beheer en die stygende emosionele druk te hanteer nie. Die duiwel is ten volle in beheer van jou gedagtes en jy wag net vir die volgende mistap deur jou vrou, sodat jy "triomferend" jouself kan laat geld teenoor haar.

Wat ons dink en spreek, is presies wat ons doen en soos ons lewe. In **Mattheüs 12:37** sê Jesus, dat ons op grond van ons **woorde geoordeel of vrygespreek sal word.**
Dit beteken ook die woorde van jou hart, wat jy dink, hoe jy redeneer, want uit die hart, die verstand, kom slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, en dwaasheid.

Die Bybel leer ons dat ons, ons denke moet vul met Christus, as die voorbeeld van nedergheid, barmhartigheid, liefde, vrede, blydskap, lankmoedigheid, vriendelikheid, getrouheid,

sagmoedigheid en selfbeheersing teenoor ons medemens. Watse tipe persoon kan al hierdie dinge doen?

Iemand wie se gedagtegang reg is. Iemand wie se denkpatroon positief en gebalanseerd is. Iemand wat glo, doen, dink en praat soos Jesus Christus. Onthou, wat jy glo, of wat jy dink, is wat jy praat met jou hart en met jou mond, en dit het tot gevolg dat jy in die sitausie is, waar jy tans is. Dis reg, jou gedagtes is die direkte gevolg van jou omstandighede. Dit wat jy nou ervaar, is die presies net gevolg van dit waaraan jy bewustelik of onbewustelik gedink het in die verlede.

Vir die doel van hierdie boek wil ek ‘n paar voorbeelde van **geesteswette** uitlig, wat inwerking tree wanneer die mens buite God se wil beweeg en wat relevant is tot sake waaroor daar al vele beradings gedoen was.

Spreuke 3:33 wat handel oor die **Wet van Goddelose Lewe**: *“Die vloek van die Here is in die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van die regverdige”*

Spreuke 6:11 wat handel oor die **Wet van Luiheid**:

“So kom dan jou armoede soos ‘n rondloper, en jou gebrek soos ‘n gewapende man”

Spreuke 6:29 wat handel oor **Wet van Egbreuk**:
“Net so min kan jy by ‘n ander man se vrou slaap sonder om gestraf te word, jy sal nie vrykom as jy met haar lol nie”

Spreuke 12:25 wat handel oor die **Wet van Bekommernis**:
“Bekommernis in die hart van ‘n mens druk dit neer, maar ‘n vriendelike woord vrolik dit weer op”

Spreuke 13:11 Wat handel oor die **Wet van Kitsrykdom**:
“Goed wat uit niks verkry is, word minder; maar hy wat met die hand bymekaar maak, kry altyd meer”

Spreuke 15:22 wat handel oor die **Wet van Verantwoordelikheid**: *“Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die velheid van raadgewers kom dit tot stand”*

Spreuke 18:13 wat handel oor die **Wet van Impulsiwiteit**:
“Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in die skande”

Spreuke 18:21 wat handel oor die **Wet van Selfbeheersing**:
“Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit

graag gebruik, sal die vrug daarvan eet"

Spreuke 21:13 wat handel oor die **Wet van Naasteliefde**:
"As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie."

Spreuke 21:17 wat handel oor die **Wet van Brassery**:
"Wie van vrolikheid hou, is 'n man van gebrek, hy wat van wyn en olie hou, sal nie ryk word nie."
Spreuke 22:8 wat handel oor die **Wet van Vergelding**:
"Wie onreg saai, sal onheil maai"

Spreuke 22:15 wat handel oor die **Wet van Ongehoorsaamheid**:
"As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder"

Spreuke 28:10 wat handel oor die **Wet van Misleiding**:
"Wie eerlike mense mislei sodat hulle die verkeerde pad loop, sal self in die gat val wat hy gegrawe het"

Spreuke 28:13 wat handel oor die **Wet van Geheime Sonde**:
"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind"

Spreuke 28:18 wat handel oor die **Wet van Oneerlikheid**:
"Wie 'n eerbare lewe lei, sal hulp ontvang; wie 'n oneerlike

lewe lei, sal onverwags tot ‘n val kom”

Net soos wat daar geesteswette is wat in werking tree, wanneer die mens **buite** God se wil beweeg, net so is daar geesteswette wat in werking tree wanneer die mens **binne** God se wil beweeg. Nou kom ons by die wet, wat na my persoonlike mening, seker die mees belangrikste geesteswet is. Ek praat nie van die tien gebooie nie.Die geestes wet waaroor ek wil uitbrei is die **WET VAN AANNEMING.** Dit is opgeteken in Galasiërs 6:7.

Wat jy saai sal jy maai! Of dit nou in die gees is of jou vlees, persies wat jy sê, dink of doen, is presies wat op jou pad sal kom.

Volgens die Woord word die mens se lewe en optrede gemeet aan:

-Die innerlike verhouding met God

-Die mens se sedelike en morele integriteit

-Die mens se **interpersoonlike verhoudinge**

-Die mens se gehoorsaamheid aan God se Woord

-Die mens se geestelike ingesteldheid en gesindheid

-Die mens se onderworpenheid aan die werking van die Heilige Gees

-Die mens se geloof in Jesus Christus

Die satan probeer die mens verlei om aan God se trou en Sy beloftes te twyfel. Hy weet hoe oneffektief daardie onsekerheid jou vir God se koninkryk, en vir gebedsverhoring maak.
Reeds in die Paradys het hy (satan) twyfel by die mens geskep deur die woorde: *"Het God werklik gesê julle mag van geen bome in die tuin eet nie"*

Hier verdraai hy nie net God se woorde nie, maar hy saai terselfdetyd twyfel oor die geldigheid van God se opdrag. So saai hy (satan) ook **wanpersepsies**, **twyfel en leuens** oor God se Woord;
-Daardie een versie was net vir die Jode bedoel.
-Ons lewe in moderne tye, dinge het verander
-Almal doen dit tog en dit is al tradisie
-Dit is verkeerd om ryk te wees.
-Daar is tog niks wat ek aan die saak kan doen nie
-Ag dit sal tog nie werk nie
-Ag daar is nog baie tyd
-Ek wil eers my lewe regkry
-Ek het nie alleen skuld nie

-Ek wag eers dat God my gebed verhoor
-Ek moet my status handhaaf by my vriende

So kan mens voortgaan en die leuen van satan, een na die ander identifiseer en sien hoe diep dit reeds in ons lewens posgevat het. Ons is al so gewoond daaraan dat dit nie meer as vreemd of strydig teen God se Woord voorkom nie.

Die satan is geslepe, hy het presies geweet wat God se opdrag aan die mens is. Hy het selfs by Jesus probeer twyfel skep deur aan Hom te sê: *"As u die Seun van God is…"* Jesus het egter die voorbeeld gestel en die satan op sy plek gesit deur te antwoord: "*Daar staan geskrywe*", wat beteken dat twyfel beveg kan word met God se Woord.

Daar staan geskrywe! God het so gesê en God lieg nie. In **Johannes 15:7** belowe Jesus *"As julle in my bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry."* Iemand wat die Bybel nie lees nie, ken nie die Here se vermanings, bevele en beloftes nie. Hy het ook nie die outoriteit van Christus, wat hom die reg gee om in Sy Naam te vra nie.

Daardie belofte van **Johannes 14:13,14:** *"Wat julle ook al in*

My Naam vra, dit sal Ek doen”, is nie vir so ‘n vervreemde persoon bedoel nie. Iemand wat die Woord van God nie ken nie, kan nie gehoorsaam wees daaraan nie omdat hy/sy nie weet wat daarin staan nie. Hy/sy het gevolglik ook geen sekerheid oor wat God se Wil is nie.

As ons traak-my-nie-agtig of onverskillig staan teenoor die Woord en ons huwelik staan, is ons heel waarskynlik nog vleeslik. Die satan gebruik depressie om miljoene mense in ‘n put van wanhoop gevangene te hou, en hy wen groot veld in die gedagtewêreld van die mens.

Die gedagtewêreld van die mens is ‘n slagveld. Negatiewe gedagtes het depressie tot gevolg. Depressie lei na wanhoop wat weer lei na ongeloof. Ongeloof lei na onvervulde wense, gebede en begeertes, wat weer op hul beurt lei na ontevredenheid en rebelleie teen God.

Die gedagtes in jou kop is ‘n warboel van negatiewe emosies en stemme wat skree om hulp. Dit is ‘n verskriklike ding om in vasgevang te wees, want dit hou eenvoudig net aan en slegs Jesus Christus kan jou daarvan verlos. Dit veroorsaak dat jy in 'n innerlike worsteling vasgevang word wat jou persoonlikheid be-invloed, en gevolglik is jy kwaad vir God of jy het een of ander probleem met die kerk of selkerk byeenkomste of selfs met die prediker.

Die persone wat dit egter die meeste ontgeld is jou vrou en kinders, en hulle ontgeld dit op elke denkbare manier omdat jy iemand soek om te blameer vir jou omstandighede, behalwe jouself. Dit is dan wanneer jy kortaf praat met jou vrou of met 'n halwe oor luister as sy met jou praat. Jy voel op daardie stadium nie eintlik kwaad nie, maar vroulief moet jou net "uitlos" of nie aan jou "karring" nie. Meneer, ek was al op daardie pad, jy word vasgevang in 'n sataniese web van depressie en verbittering. Slegs die bloed van Jesus Christus kan jou daaruit verlos. Geen pilletjie, of drank, of redenasie of denkwyse kan jou daaruit vrymaak nie.

Hierdie neiging van die mens om altyd iemand of iets anders te blameer vir hul omstandighede, kom al van Adam se tyd af. Kyk net wat het hy God geantwoord toe God hom vra waarom hy naak is: **Genesis 3:12** "Here **die vrou** wat **U** gegee het om by my te wees, **sy** het my van die boom gegee en ek het geëet"

Wat het hier gebeur? Eerstens het Adam God as die **oorsaak** van die omstandighede verklaar, tweedens het hy Eva die **skuld** gegee, en derdens het hy homself as "arme Adam" bestempel wat as gevolg van "alles wat teen hom was" regverdiging soek vir sy ongehoorsaamheid.

Is dit dalk hoe jy redeneer meneer? God het iets "toegelaat in

jou lewe" of dalk nie 'n gebed verhoor nie en nou haal jy dit uit op die wat die naaste aan jou is met die verskoning dat jy deur omstandighede gedwing word om so op te tree, alhoewel jy "probeer om te verbeter" Hoe lank gaan jy nog vasklou aan die leuens en misleiding van satan?

Jy raak ontevrede met allerhande dinge in jou lewe en voel verbitterd oor sekere onregte wat jou aangedoen is. Jou gebedslewe word verwaarloos en jy is geirriteerd met alles en almal wat van en oor die liefde van God praat ! Jy is opsoek na deurbrake en dit kom nie, en jy voel asof God se beloftes gedurigdeur soos 'n wortel voor jou neus gehou word, sonder dat daar ooit iets gebeur.

Om gebedsverhoring te verseker moet ons, ons gedagtes herprogrameer en kyk na die regte denkpatrone en die regte gedagtes vir ‘n gesonde lewe in Christus.

Jou wil is die belangrikste komponent van jou siel. Daarmee skryf jy vir jou emosies voor. Of jy dus met jou verstand redeneer of emosies redeneer, jy bly ‘n maklike teiken vir die bose en negatiewe invloede, wat nie teë gewerk kan word sonder die krag en leiding van die Heilige Gees nie.

In **Efésiërs 6:10-18** word die wapenrusting wat God tot beskikking van die gelowige stel, aan die gelowige bekend gestel. Elke wapen het ‘n spesifieke funksie en dit is dus

moontlik vir die gelowige om aan die hand van hierdie funksies, die satan se aanvals-areas te identifiseer.

Uit hierdie wapenrusting, blyk dit dat daar sewe areas is waar die mens aangeval word en die vyand se taktiek ge-identifiseer kan word:

-**Die waarheid** wat deur satan vervang word met die leuen en misleiding.

-**Die geregtigheid** van God, wat die satan probeer wegneem van die mens deurdat hy ‘n oormatige skuldbesef van sonde sonder vergifnis by die mens tuisbring.

-**Die mens se bereidheid vir die evangelie van vrede**, word deur satan gesteel, deurdat hy die mens van die vrymoedigheid ontneem om ‘n getuie vir Jesus Christus te wees.

-**Die geloof** wat deur satan gebruik word om by die mens twyfel te laat ontstaan oor die integriteit en bestaan van God, die betroubaarheid van Sy beloftes en die geldigheid van Sy outoritêre bevele.

-**Die verlossing** wat daar is in Jesus Christus, word dikwels deur die satan gebruik om die mens se neiging tot sonde

aan te hits, sodat die mens in werklikheid die Here Jesus as't ware weer van vooraf "kruisig" en sodoende die verlossingswerk afwater na 'n blote ritueel wat uitgevoer word om die gewete te sus.

-**Die Woord van God**, wat die satan gebruik om die mens te mislei om die Woord verkeerdelik te interpreteer, in twyfel te trek en te misbruik (moderne vertalings)om by hul eie verwronge oortuigings aan te pas.

-**Gebed** wat die satan gebruik om sy aanvalle deur middel van die mond en gedagtes te loods. **Die** mens word dan ook lui in die gebedslewe. Die satan se konsentrasie is egter hoofsaaklik gerig op die emosionele en geestelike areas van die mens.

In **2 Korinthiërs 10:5;6** staan geskrywe: *"terwyl ons planne verbreek, en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange te neem tot die gehoorsaamheid aan Christus; en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."*

Elke emosies of gedagte wat dus nie van God afkomstig is nie, moet weerstaan word. God gee aan die mens die onderskeidingsvermoë om 'n gedagte of emosie as afkomstig van satan te herken en bied beskerming daarteen aan die

mens, in die bloed van Sy Seun Jesus Christus.

Met ander woorde jy moet eers die konsep van geestelike outoriteit verstaan alvorens jy die dinge gaan kan bekom waarvoor jy vra en die dinge wat jy nodig het. Wanneer jy jou dus beklee met die wapenrusting, beklee jy jouself in werklikheid met Jesus Christus.

Bestudeer die volgende Bybelverse in jou Bybel. Ek wil hierdie stelling kortliks asvolg demonstreer:

Efésiërs 6:14-18

"..Staan dan vas.." -Wie het vas gestaan teen satan? -Jesus het. Lees **1 Johannes 3:8**

"..Lendene omgord met die waarheid.."- Wie is die waarheid? -Jesus is. Lees **Johannes 14:6**

"..Borswapen van die geregtigheid.." Wie se geregtigheid? -Jesus se geregtigheid. Lees **Handelinge 17:31**

"..Skoene..bereidheid vir die evangelie.."
Wie se skoene en bereidheid en evangelie? -Jesus s'n.
Lees **Matthéüs 3:11 en 4:17**

"..Skild van geloof.." Watter skild en watter geloof? -
Die skild en geloof in Jesus Christus. Lees **Génesis 15:1 en Johannes 6:35**

"..Helm van verlossing.." Hoekom juis 'n helm? -Want die helm beskerm die kop, en die kop is waar die verstand en gedagtes is.Wie bewerk die verlossing? -Jesus
Lees **2 Timòtheüs 1:10.**

"Swaard van die Gees..Woord van God" Wie is die Swaard van die Gees of die Woord van God? -Jesus.
Lees **Johannes 1:1-4**

"Bid in die Gees..waak..volhard.. vir die heiliges"
Jesus stel die voorbeeld in **Johannes 17**

Jy ontvang dus outomaties jou wapenrusting en jy het presies dieselfde outoriteit wat Jesus self gehad het. Om "groter wonderwerke" te verrig as wat Jesus gedoen het, soos voorspel is in **Johannes 14:12** klink nou nie meer so vergesog nie!

In Hom is daar reeds oorwinning behaal. Hy gee ons die krag

om op te groei na oorwinning. In **1 Johannes 4:1** staan geskrywe dat ons hierdie gedagte of emosies moet toets aan die hand van Jesus Christus se vleeswording en alles wat daarmee gepaard gaan, om te bepaal vanwaar dit afkomstig is.

Ek vorm die mening dat alle lewensproblematiek wat deur die mens ervaar word, gebaseer is op ‘n leuen van satan. Elke vorm van misleiding of bedrog moet vermy word. In **2 Tessalonicense 2:9** staan geskrywe dat satan die mens verlei met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen.

In **Johannes 8:44** staan geskrywe: *”Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader, wil julle doen; hy was ’n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.”*

Die satan is leuen is so intens op die mens, veral getroude mans, gefokus, dat die mens se lewensbeskouing is soos hy/sy dit sien en nie soos die werklikheid is nie. Na gelang van sy/haar eie oortuigings besluit hy/sy dan wat die verskil tussen waarheid en leuen is.

So ‘n oortuiging wat van meet af op misleiding en leuens

gebaseer is, het ‘n verwronge lewensbeskouing tot gevolg en kan slegs deur middel van gebed en die waarheid van Jesus Christus, verander en herstel word. ‘n Christelike lewensbeskouing is meer geneig om die leuen en misleiding van satan te ontbloot. Geduld om te wag op die Here is nog ‘n belangrike beginsel in gebed en word benadruk.

Hierdie was vir my, vir baie lank ‘n baie moeilike saak. Baie mense is geneig om ongeduldig te raak en nie op God te wag nie. Dit is een van die duur lesse wat ek moes leer, naamlik om op God te wag. God toets die mens se geloof daardeur.

In **Romeine 12:12** staan geskrywe: *“Verbly julle in hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.”*
In **Hebreërs 6:15** word die gelowige verseker dat God sal antwoord indien die bidder bereid is om te wag op God. *“En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het”*
Oorhaastigheid is nie net ‘n vermorsing van tyd en energie nie, maar lei ook tot ongeloof.

Die mens is geneig om wanneer God nie gou genoeg na hul sin antwoord nie, self die antwoord te soek of te bewerkstellig en sodoende God se werk vir Hom te doen of die mens verloor sy kortstondige geloofsvertroue dat God wel gaan antwoord.

Valse persepsies moet van meet af aangespreek word.

In **Johannes 8:44** staan geskrywe dat die satan die bron is van alle leuens, misleiding en vals persepsies. Waar satan werksaam is, ontstaan misleiding, leuens, twyfel en verwarring.

Die satan mislei die mens deur wanpersepsies by hom/haar te skep wat by die mens ontstaan ten opsigte van:

-Die oormatige toewyding aan prestasie in so mate, dat dit in ‘n afgod omskep word

-Verslawing aan erkenning en goedkeuring

-Kritiese gees en veroordelende reaksies

-Minderwaardigheidskomplekse

-Aspekte oor die mens se seksualiteit

-Die neiging na gesag om oor sy medemens te heers

Twyfel is iets wat ons bekruip en beetpak voordat ons dit nog kan besef, Daarom moet ons waaksaam wees en glad nie ongeloof in ons lewens toelaat nie. Uit persoonlike ervaring het ek geleer dat die ongelowige, negatiewe gemoed byna altyd besig is met redevoering.

Die omstandighede of situasie word oor en oor bepeins en bedink in ‘n poging om antwoorde te vind. So 'n persoon is geneig om in sirkels te beweeg en nooit by ‘n blywende oplossing uit te kom nie, veral waar die saak handel oor die vooruit beplanning van iets. Gevolglik word die persoon gefrustreerd en sinies.

Die persoon begin dan ook oneffektief en halfhartig bid sonder om regtig te verwag dat God iets omtrent sy/haar situasie gaan doen, want hy/sy kan self geen uitkoms sien nie. Dit is waar vertroue in God na vore kom, naamlik op die tydstip dat jyself geen insig of rede meer het nie, wanneer alles totaal en al verlore lyk.

Ons word egter geleer in **Spreuke 3:5** om God met ons hele hart te vertrou en nie op ons eie insig te steun nie. Mense wat gou swartgallig raak, emosioneel op hol en fyngevoelig is, is waarskynlik die grootste kanidate vir twyfel in hul geloofslewe.

HOOFSTUK 3

Jou Beroep en Ambisie

Ek was op die punt om 'n deurbraak te kry in my poging om

'n christelike beradingspraktyk te begin, na lang jare se studies, vele teestand en frustrasies wat die vyand op my pad gebring het. Toe deel my vrou my mee dat sy wil skei. Ek was aan die een kant geskok om die minste te sê, maar aan die ander kant het was ek nie verras nie. Sovele dinge het al skeef geloop en hierdie mededeling was die toppunt van die vyand se aanval op my huwelik. Hy het my en my vrou soos pionne gemanipuleer teen mekaar.

Ek was grootliks verantwoordelik vir my vrou se besluit aangesien ek toegelaat het dat my omstandighede, my persoonlikheid en geestelike lewe met negatiwieteit beïnvloed, en dit het weer daartoe gelei dat ek nie my vrou altyd behandel het, soos wat ek altyd voorheen gedoen het nie.

Ek het verder so verstrik geraak in my omstandighede dat ek onbewustelik en bewustelik my gesin al verder van my af weggedryf het, sonder dat ek regtig besef het wat besig is om te gebeur.

Die beginsel naamlik vir mans om skriftuurlik met hul vrouens te handel, was nie meer op my van toepassing nie en van die vrug van die gees was daar ook geen sprake nie, want ons het baie geargumenteer. Dieselfde dag het die Heilige

Gees hierdie foute van my, aan my geopenbaar en ek het my vrou nederig en opreg om verskoning gevra, en gevra dat sy my sou vergewe.

My geestelike stryd wat ek gestry het kort voor my vrou se mededeling was erg en dit is ook in die tydperk wat ek na God gesoek het en my eie optrede in sommige situasies begin bevraagteken het.

Ek was nie net gefrustreerd met my omstandighede nie, maar ook met myself, want dit het gevoel asof ek besig is om die stryd te verloor. Die skryf van hierdie boek, sien ek dus ook as 'n getuienis oor God se pad wat Hy geloop het met my, ten opsigte van my gebede. God was immers aan my bekend as die hersteller van gebroke huwelike, die God wat wonderwerke verrig.

Soos reeds genoem is alle mense op aarde onderworpe aan dieselfde wette. Die wet van aanneming werk geensins anders nie. Slegs dit wat jy saai, dit sal jy maai. As jy positiewe gedagtes in jou kop saai, sal jy positiewe dinge maai.

Dit wat jy in jou geestesoog aan dink, is presies dit wat jy in jou hart profeteer om te gebeur. Of dit nou by jou werk is of in jou geestelike lewe, die begisnel bly dieselfde. Waak

daarteen meneer, dat jou visie om bo uit te kom in die beroepsleer nie die agteruitgang en uiteindelike verbrokkeling van jou huwelik beteken nie. Daar moet 'n gesonde balans gehandhaaf word tussen jou werk, jou geloof en en jou gesinslewe. God verwag dat jy eweveel aandag sal toewy aan al die aspekte van jou lewe. Jou gesin is vir God netso belangrik as wat die saligheid van jou siel is.

Wat jy van God wil hê, moet duidelik uitgespel wees in die gedagtes van jou hart. As jou geloof, denke, en hart bv rondom Jesus Christus draai, dan is dit presies wat in jou lewe sal manifisteer. As jou geloof, denke en hart rondom die negatiewe dinge draai, dan is dit presies wat in jou lewe sal manifesteer.

As jy iets in jou geestesoog kan sien, dan sal dit moontlik vir jou wees om dit in jou lewe te laat manifesteer. Gedagtes word 'n realiteit. Wat jy ookal aan dink, en spreek, God se geestes wette word daardeur geaktiveer of gedeaktiveer. God se begeerte is dat dit sal goed gaan met sy kinders en dat hulle 'n lewe in oorvloed sal hê. God wil hê jy moet ryk, voorspoedig en gelukkig wees. Hy wil ook hê dat jy Hom sal verteenwoordig hier op die aarde.

Salomo het begeer om 'n volk met wysheid te lei, en toe ontvang hy rykdom as bonus. Paulus was ryk en arm, hy het

albei kante van die lewe gehad. Die geheim is in jou gedagtegang. Of jy glo dit en smaak oorwinning, of jy verwerp dit en bly maar in jou omstandighede. Jou gedagtes moet geherprogrammeer word om slegs aan die heilige, goeie dinge te dink, 24uur per dag. Daar staan geskrywe in **Kol 3:2**; "Bedink die dinge wat daarbo is, nie op die aarde nie" Wat is daarbo? Vergifnis, restourasie, herstel, voorspoed, heiligheid, vrede, liefde, blydskap ensovoorts.

Jy moet na die Here soek met jou hele hart, met al jou krag, en al jou verstand. Dit is by Hom wat die rykdom en goeie dinge is. Dit sal na jou toe gestuur word as jy daaraan dink met die gedagtes van jou hart. Jy roep die dinge wat nie bestaan nie aan, in die gees asof dit wel bestaan.

As jy na jou berg skuld kyk, en dit laat jou misrabel voel en dink dat dit jou misrabel maak, dan is dit presies wat jy aanroep in die gees- naamlik, om misrabel en moedeloos te voel, gevolglik raak dinge net erger en erger.

Die skuldbriewe hou nie op nie en jy sak net dieper weg in die skuldput. Fokus op dit wat jy wil hê met al jou aandag en dit sal op jou pad kom. Wanneer jy daaraan dink en daarvoor gevra het in Jesus Naam, dan kry jy presies wat jy wil hê. Wanneer jy haastig is en bang is dat jy gaan laat wees vir 'n afspraak, dan is dit wat gewoonlik gebeur- Jy is laat! Dinge wat jy in die gees en met jou hart dink, sal manifisteer

in die vlees. Somtyds wonder jy wat jy gedoen het om iets op jou pad te laat kom? Jy het dalk net 'n hartsgedagte daaraan geskoester en dit het gemanifisteer. **Wat jy saai sal jy maai!**

Die wet van aanneming is soos al die ander wette, onveranderlik, dit voer maar net die opdragte uit wat jy op sy pad gebring het deur jou gedagtegang. Die wet het geen gevoel of simpatie nie. Dit onderskei nie tussen goed en kwaad nie. Dit voer slegs opdragte uit wat in die gees gegee word, hetsy deur woord of gedagte.

Die Bybel sê dat alles wat op aarde gebeur, reeds in die geestes realm plaasgevind het. Met ander woorde, dit was gedink, toe gespreek en dit het gebeur. God se wette is soms onverstaanbaar ja, maar dit is gewoonlik die geestes wette wat ons tot nadeel strek, wat ons geneig is om te bevraagteken.

Die wette wat ons tot voordeel strek, sal ons natuurlik nie bevraagteken nie, maar ons sal wel die voordeel van so 'n wet geniet. Geen persoon wat sy tiende vir die kerk gee, sal bv die geestes wet in **Maleagi 4:10** bevraagteken, en vir die Here vra; "Here, ek het my tiende gegee, vir wat maak u nou die vensters van die hemel oor my oop en seën my met soveel goeie gawes?

Die foute, versoekinge en probleme van die verlede wat jy in jou hart koester, sal weer in jou lewe manifisteer. Jy kan ook nie die proses van maai op dit wat jy gesaai het, vertraag of stop nie. Dit sal kom -verseker sal dit na jou toe kom.

Wat wel kan gebeur is dat as jy iets sondigs gedink of gespreek het, en Jesus Christus vra om in te gryp, sal dit steeds na jou toe kom, maar dit sal by jou **verby gaan** soos 'n stormwind. Jy sal nie hoef te boet daarvoor nie.
(Psalm 34:23)

Die Bybel sê lewe en dood lê in die mag van die tong, en die wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. Jou woorde verleen substansie aan jou gedagtes, dit maak jou hartsgebed meer kragtig.Die woord van die Here hou ons voor om te kies tussen lewe en dood, en God gee ons dan nog 'n wenk ook! Hy sê ons aan om die lewe te kies!

Die dryfveer vir jou ambisie om selfversorgend en anafhanglik te wees, spruit uit jou vrees vir die negatiewe dinge van die lewe. As jy dus negatiewe, dooie dinge kies, om te vermy en te bepeins, dinge van die dood, dinge soos armoede, siekte, of die dinge wat sulke goed veroorsaak, dan is dit presies wat in jou lewe sal manifesteer.

Dinge gebeur met jou, omdat jy op een of ander stadium of daaraan gedink het, of aan iets anders wat die spesifieke gebeurtenis tot gevolg gehad het. Jy hou die sleutel binne-in jouself. Jy kan jou toekoms programeer met die waarheidsbeginsels van God se Woord, en dit sal mainfisteer in jou lewe.

Hou op om te fokus op die dinge wat jy **nie** wil hê met jou moet gebeur of op jou pad kom nie. Fokus op die dinge wat jy **wel wil hê** in jou lewe. Die sleutel tot toekomstige gebeure, is gesetel in jou gedagte patroon. Jou omstandighede is die gevolg van jou gedagtepatroon.

Jy sien dus, die gedagtes van jou hart, raak nie net vir jou nie, dit het 'n invloed en uitwerking op andere ook. Goeie introspeksie in die teenwoordigheid van die Heilige Gees, sal jou help om vas te stel of daar iets in jou hart en gees is wat jou tot nadeel strek.

Wensdenkery en verbeeldingryke idees, moet nie verwar word met gedagtes van die hart nie. Ek praat van die gedagtes en oorlegginge van die hart. God sê hy toets dit by die mensekind. **Spreuke 24:12**

Die krag wat binne jou is, is 'n magiese krag in die geesteswêreld. As jy 'n kind van God is, dan moet die geesteswêreld, veral, aan jou gehoorsaam wees, want dit is nie jy nie, maar die Gees van Jesus Christus, wat binne-in jou met die geesteswêreld kommunikeer.

Hy wat in ons is, is groter as hy wat in die wêreld is. Die geestes dimensie, voer dus in werklikheid net die Heilige Gees se opdragte uit. Hierdie opdragte spruit voort uit onder andere dit wat jy dink en praat.

God bepaal die tye en geleenthede, en dus is daar 'n tydsduur verbonde aan die uitwerking van jou gedagtes en woorde. Ek glo dit is onder andere, omdat God ons eers 'n kans wil gee om te besin of dit waarlik iets is wat ons wil hê.

Die keuse oor die tydsverloop voor manifistering, is dus nie in jou hande nie, maar in God se hande. Jy het ook ten volle beheer oor jou gedagtes en as jy nou begin positief dink en praat, onthou dat jy tans nog in die gevolge lewe van dinge wat jy gespreek en gedink het in die verlede.

Dit ook die rede waarom jy nie dadelik 'n verskil sal merk in jou omstandighede nie. Omdat dit onmoontlik is om al ons gedagtes (sowat ses duisend per dag) te monitor, het ons die

gawe van die Heilige Gees, in wie ons elke gedagte gevangene kan neem tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus. Lees gerus **2 Korrinthiërs 10:5-6.** Die gedagtes van jou hart word dus in werklikheid, 'n onbewuste bede tot God. Die Heilige Gees wie vir ons by die Vader intree met smartlike verlange, bid in ons gedagtes, in ons harte tot God. Ons denkpatroon, ons emosies, ons harte, alles word dus verander na die beeld van Jesus Christus, sodat niks vir ons onmoontlik sal wees nie.

Die satan weet dit, en dit is ook die rede waarom hy ons peper met gevoelens van vrees, depressie, skuld, hartseer, en woede. Terwyl die skrif ons op vele plekke vermaan om ons te verbly. **Fillipense 4:4**

Waarom word daar soveel klem gelê op blydskap in die Bybel? Want 'n bly Christen, is 'n positiewe Christen, en 'n positiewe Christen, dink positiewe dinge en dit manifisteer in sy lewe. Wat jy vandag dink of spreek in jou hart, is dit wat sal gebeur in die toekoms-hetsy oor twee dae, weke of maande. Toets gerus hierdie stelling en sien self of dit waar word in jou lewe of nie. Wenk (gebruik iets eenvoudig en positiefs)

As jy glo ongelukke kom in getalle van drie, dan sal dit vir jou wees soos jy geglo het. Jy sal "een van daardie dae" ervaar waar alles net verkeerd loop. Jy wat arm is **en arm**

dink sal net armer word. Jy wat arm is en ryk dink, vir jou sal dit wees soos jy geglo het.

HOOFSTUK 4

Jou verhouding met jou vrou.

Wat ookal verkeerd geloop het in jou lewe, dit kan jy reg stel met 'n enkele gedagte in onderwerping aan Jesus Christus, by wie geen ding onmoontlik is nie. Jou verhouding met jou vrou moet wees soos wat die skrif jou beveel om te doen. Elke belofte van God vir gertoude paartjies, gaan egter gepaard met sewe basiese voorwaardes:

Bly in Jesus Christus. **Johannes 15:7**"As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry"

Glo en bely dat Jesus die Seun van God is. **Romeine 10:9**- "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word"

Ken Jesus as jou persoonlike saligmaker en verlosser. **Spreuke 3:6** " Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak"

Doen die dinge wat God aan jou opdra in Sy Woord.
Hebreërs 5:9 "…en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword"

Volhard in die geloof.
1 Timòtheüs 4:16-"Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor."

Deel aan die gemeenskap van gelowiges.
Hebreërs 10:25- "en laat ons nie die onderlinge byeenkoms versuim soos sommige die gewoonte het om te doen nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom."

Breek met jou sonde.
Galàsiërs 5:1-"Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie."In **Hebreërs 4:16** staan geskrywe: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry om op die regte tyd gehelp te word"

Eers wanneer jy begin verander, sal jou huiwering om na die troon van genade te gaan verander in vrymoedigheid. Sonde word ook soms 'n "plesiertjie" of "swakheid" genoem. Isreal

se sonde was volgens **Jesaja 59:2** egter die oorsaak van hul onverhoorde gebede en eers nadat hulle hul sonde bely en laat staan het, sluit God opnuut weer met hulle ‘n verbond.

In **Psalm 66:18-19** sê Dawid: “As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie. Maar God het geluister, Hy het my gebed verhoor” Enige sonde waarmee nie gehandel word nie, belemmer altyd die kommunikasie tussen God en die gelowige. Wanneer daar dus onbelyde sonde in jou lewe is, sonde wat jy weier om te laat staan, sal jy vind dat hierdie sonde inderdaad ‘n muur word wat tussen jou en God staan, en dit veroorsaak ook 'n onvermydelike breuk tussen jou en vroulief. Dit maak dat God nie na jou gebede luister, of hulle antwoord nie.

As jy dus nie weet wat daar tussen jou en God staan nie, maak dit bekend aan Hom en Hy sal tot jou hart spreek daaroor. In **1 Petrus 3:12** staan geskrywe: “ Want die oë van die Here is op die regverdiges en Sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners”

Maar wanneer sondig 'n mens opsetlik? Jy sondig opsetlik wanneer jy presies weet wat jy doen, en wat die gevolge gaan wees, maar jou gewete dood smoor deur een of ander gedagte of deur 'n "ek-gee-nie-meer-om" gesindheid. Hierdie

verskynsel kom voor by die gelowige wie se geloof wisselvallig is, en gewoonlik in tye van toetsing. Dit gaan dus oor iemand se keuse vir of teen God.

In **Spreuke 28:9** staan: “Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is ‘n gruwel”Die Here gaan nie na jou gebede luister as jy maar weer voortgaan om te sondig nadat jy gebid het nie. Hy verwag gehoorsaamheid.

Johannes skryf in **1 Johannes 2:3-4,6** die volgende: “As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken…Iemand wat sê: “Ek ken Hom”, maar nie Sy gebooie gehoorsaam nie, is ‘n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het”

Dit beteken dus dat ons in Christus sal glo en God en mekaar sal liefhê. As u nie weet wat die hindernis is nie, vra gerus die Heilige Gees. Dit is Sy werk om die mens bewus te maak van sonde. In **Johannes 16:8** staan: ”en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel.”

In **1 Petrus 3:7** staan: “...sodat julle gebede nie verhinder

mag word nie."Hy praat eers van 'n rebelse vrou wat haar gebede beskadig en bespreek dit dan in detail. Dan praat die skrif weer van die sondes van die eggenoot wat nie in die regte God-aangewese verhouding teenoor sy eggenote openbaar nie. Hy waarsku die vrou en die man dat hulle die Here moet gehoorsaam sodat hulle "gebede nie verhinder mag word nie"
Hier praat die Here van die vrou se plig teenoor die man. Dit beteken slegs dat die vrou haarself volgens Bybelse riglyne sal onderwerp aan die gesag van die man. God het daardie vrou met 'n doel aan jou gegee. Stel by God vas wat daardie doel is en leef daarvolgens. Dit maak nie saak watter soort vrou jy het nie, sy moet jou gehoorsaam, sy moet aan jou onderdanig wees, anders sal jul gebede nie beantwoord word nie. Let wel, jou vrou se onderdanigheid behels haar onderwerping aan jou, as bloed gewaste kind van God en dissiples van ons Heer en Meester Jesus Christus.

Rebellie het engele uit die hemel laat val het. Rebelse vrouens se gebedes bly onbeantwoord. Verder sê die skrif in **1 Petrus 3:7:** "Netso, moet julle mans, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is- sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."

Ook mans se gebede word nie beantwoord as hulle nie skriftuurlik met hulle vrouens handel nie. Mans moet,

verstandig met die vrou saamlewe volgens die kennis wat op die Woord van God gebaseer is, hy moet eer aan haar bewys as die swakker een, en hy moet soos ‘n mede-erfgenaam van die genade van die lewe teenoor haar optree.

Jou vrou is NIE jou besitting nie, sy is ‘n gawe van God. In **Spreuke 18:22** staan geskrywe; “Wie ‘n vrou gevind het, het iets goed gevind en ‘n welgevalle van die Here verkry”

Mans moet volgens die skrif, die hoof van die huis wees, wat ook die verantwoordelikheid van die huis en kinders dra en wat soos Josua kan sê in **Josua 24:15**: “Maar ek en my huis, ons sal die Here dien” **Efésiërs 5:23**:“want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook hoof is van die gemeente…” Die man moet oor sy vrou geestelik heers **(Génesis 3:16**) en ‘n man wat nie volgens die Skrif sy vrou behandel nie, se gebede sal nie beantwoord word nie.

‘n Man het volgens God, die vermoeë om geestelik sterker te wees as die vrou. Sy lewe moet dus vir haar ‘n voorbeeld wees. Hy moet volgens **1 Korinthiërs 14:35** in staat wees om die Skrifte aan haar te verduidelik. Die groot verantwoordelikheid van die man is om vir sy huis te sorg, sy kinders te dissiplineer, sy familie vir Christus te wen, en die godsdienstige leiding in die huis te neem.

Om van hierdie verantwoordelikhede weg te skram is sonde, en veroorsaak dat gebed nie beantwoord word nie. Om mekaar met stilstuipe of ‘n opgeblase kortaf of sarkastiese houding te “straf” veroorsaak ook onverhoorde gebede. Baie mans manipuleer hul vrouens om byna gesmeek te word vir vergifnis, alvorens hulle die verhouding sal herstel. Meneer, jy speel met vuur! Wat jy saai, sal jy maai. God sal met jou handel soos wat jy met jou vrou doen. **Matthéüs 6:15** “Maar as julle nie die mense hulle oortredinge vergewe nie, sal God ook nie julle oortredinge vergewe nie”

Die man moet hom een met die vrou voel – hulle is een vlees. Baie rusies word ook veroorsaak as gevolg van geldsake. Kyk, ek ken armoede en een van die twee dinge in die lewe wat ek haat, is armoede! Ek was al so arm dat selfs die armste mense vir my jammer gekry het. Liewe leser, dit is armoede! Die satan gebruik armoede om wanverhoudings in jou huis te vestig.

Efésiërs 5:29:“Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief… want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit…” Wanverhoudings in die huis, weerspieël ongeregtigheid. Opstandige kinders wat nie gedissiplineer word nie, veroorsaak ook onverhoorde gebede. Dit is veral mense wat in diens van ons Koning Jesus Christus staan wie se huwelike eerste deur die satan geteiken word.

Kinders word in **Efésiërs 6:1** en **Kolossense 3:20** gemaan om hulle ouers gehoorsaam te wees, want dit is reg en welbehaaglik vir die Here. Die boek Spreuke is deurspek van opdragte aan kinders om hul ouers gehoorsaam te wees en te luister na hulle.Jou verhouding met jou vrou, weerspieël gewoonlik jou verhouding met God. **Matthéüs 5:23-24** lees: "As jy dus jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar en gaan versoen jou eers met jou broeder en kom dan en bring jou gawe"

Gebroke interpersoonlike verhoudinge belemmer ook jou verhouding met God. **1 Johannes 4:20**:"As iemand sê: "Ek het God lief", en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie. Want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie."

Eers wanneer jy die verhouding met jou vrou herstel het, is jy gereed om die volle vreugde en gemeenskap van gebed te ervaar. Slegs deur die genade van ons Heer en Meester, Jesus Christus sal ons in staat wees om op te tree teenoor ons vrouens soos Hy dit wil.

'n Groot faktor wat al menigmale die oorsaak was van vele rusies tussen getroude paartjies is **onvergewensgesinheid**.

As jy nie bereid is om die mense te vergewe wat jou te na gekom het nie, is God op Sy beurt ook nie bereid om jou te vergewe nie. **Matthéüs 6:14-15** “Want as julle mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe, maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie” Alhoewel God se vergifnis van ons sonde nooit die direkte gevolg is, van die vergifnis wat ons bereid is om aan ander te gee nie, is daar tog ’n verband tussen die twee. God se vergifnis vir jou berus op die feit dat jy sal weet wat vergifnis beteken.

Dit beteken ook om nie kwaad vir jou lewensmaat te gaan slaap nie, of deur hom/haar te “straf” met stilswye nie. Jy mag nie kwaad gaan slaap vir enige-iemand nie, selfs nie vir jou baas, jou hond of jou werker, jou omstandighede, vir jouself of selfs vir God nie. **Efésiërs 4:26**: “Laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie”

Dus liewe leser, voordat die son ondergaan en God by jou huis kom besoek aflê om jou te seën, vergewe en maak vrede en spreek vry almal en alles wat jou omgekrap het. Spreek ook diegene vry wat jou agter jou rug verwens het, of bevloek het sonder dat jy daarvan weet.Menig getroude paartjies ontvang nie God se seën nie, omrede hulle kwaad vir mekaar gaan slaap. Selfs voor ‘n kerkdiens mag daar nie

rusie tussen die man en vrou ontstaan nie, anders gaan jy jou seën verloor.

Geen mens wat dit opreg met God bedoel, kan Hom met ‘n rein hart prys en aanbid kort nadat hy/sy in ‘n rusie betrokke was met haar/sy lewensmaat, en die saak nie voor die kerkdiens uitgesorteer was en hulle mekaar vergewe het nie.

Daardie vergifnis is uiters belangrik as jy wil hê dat God jou gebede moet hoor en antwoord. Dit beteken ook om jou self te vergewe vir iets waarvoor jy God reeds om vergifnis gevra het.

Onvergewensgesindheid in die hart van ‘n kind van God verhinder dat sy gebede verander word. Bitterheid en haat is ‘n groot struikelblok in die weg van gebedsverhoring. Dit is een van satan se gunsteling strategieë om getroude pare net voor ‘n kerkdiens oor iets te laat rusie maak, hetsy omdat hulle laat is vir kerk of die een of ander saak.

Waar beide man en vrou saam die Here dien is die satan meer geneig om daardie huwelik aan te val, veral as die paartjie diens doen in die kerk. Dit is baie moeilik om jou maat te vergewe as JY reg is, en die satan weet dit, en buit dit ten volle uit. Jou geestelike volwassenheid sal egter jou vergewensgesindheid teenoor jou maat bepaal, al het jy geen

skuld gehad aan die situasie nie, sal jy meer verdraagsaam begin optree na gelang jou geestelike groei.

In **Matthéüs 6:9-13,** in die “model-gebed”, leer Jesus ons om daagliks te bid: “En vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe” Ons sien dus dat hulle wat ander mense nie wil vergewe nie, sal nie verhoor word as hulle bid nie.

Jesus belowe egter ook in **Markus 11:25**: ”Wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredinge vergewe” By vergifnis, is liefde vir God en jou medemens baie maal die deurslaggewende faktor.

In **Matthéüs 18:21-35** is ‘n sprekende voorbeeld van vergifnis. “Toe kom Petrus na Hom en sê: “Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?” Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe”

Nadat jy die persoon dus 490 keer vergewe het, sal jy ongetwyfeld ophou tel en sou al die lelike gesindhede van humeur en bitterheid uit jou hart wees. In bogenoemde teks vind ons dan ook die gelykenis van die talente wat deur die dienskneg verskuldig was en nie betaal kon word nie.

Wat wil God vir ons daardeur sê? Dat as ons nie eens ons skuldenaars met hul geringe skuld kan vergewe nie, hoe kan ons kwytgeskeld word van ons sonde teenoor God? Talle vroue wat deur mans seergemaak was het al die woorde geuiter: “Ek sal vergewe, maar ek sal nooit vergeet nie” Dit is eintlik ‘n selferkenning dat so 'n vrou hoegenaamd nog geen vrede gemaak het met haar teleurstelling nie en dat daar nog baie onverwerkte emosies en bitterheid in haar woed.

Deur God se genade kan ‘n mens ‘n ander persoon vergewe, dat elke herhinnering nie ‘n bitter smaak in jou mond sal bring nie, maar ‘n gevoel van volkome vrede. Baie mense sou dalk meen “Dit is alles goed en wel om te vergewe, as mens ook God se vergifnis gevra het, maar hoe kan ek iemand vergewe as hy/sy aanhou om my seer te maak?”

Die keuse is joune. Jy kan of die kankergewas in jou binneste koester en self daardeur siek raak en uiteindelik sterf, of jy kan die bevryding van God se vergifnis ervaar en instaat wees om tot sewentig maal sewe keer te vergewe.

Dieselfde geld vir die terughou van lone. Wanneer jou werker se betaaldag aanbreek, betaal, sy/haar salaris. Om lone terug te hou as gevolg van werk wat nie gedoen is, of nie behoorlik gedoen is nie, is onbybels en ‘n gruwel in die oë van die Here.

In **Levìtikus 19:13** staan: “Jy mag jou naaste nie verdruk of beroof nie. Die dagloner se loon mag nie by jou tot die more toe bly nie”

In **Deuteronòmium 24:15** staan: “Op die dag self moet jy sy loon gee, sodat die son oor hom nie ondergaan nie-want hy is arm en sy siel verlang daarna- dat hy nie teen jou tot die Here roep en dit sonde in jou word nie”

Jeremia 22:13 lees: “Weë hom wat sy huis bou met ongeregtigheid en sy dakkamers met onreg; wat sy naaste laat werk vir niks en hom sy loon nie gee nie.”

Maleàgi 3:5 lees: “En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou…teen die wat die dagloner in sy loon verdruk…”
Laat die Bloed van Jesus Christus daarmee handel, want sonde van onvergewensgesindheid in die hart, sal gebede onbeantwoord laat bly. Wanneer mens twyfel of God werklik jou gebed sal verhoor, dan maak jy inderdaad van God ‘n leuenaar.

In **Markus 11:24** staan daar: “ Alles wat julle in gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.”

Om effektief te kan bid, moet jy ‘n vaste geloof in God hê, en moet gerig wees op die Gewer eerder as die gevraagde gawe.

In **Jakobus 1:6-8** staan dat mens gelowig moet bid en nie twyfel nie, anders gaan jy niks van God af ontvang nie. Iemand wat nog gedurig aan die twyfel is of God wel sy gebede sal verhoor, is iemand wat nog nie ten volle oortuig is dat God se manier van antwoord die beste vir hom/haar is nie.

By so iemand, skryf die Bybel in Praktyk is daar gedurig ‘n botsing tussen sy eie begeertes, ander mense se opdragte en God se opdragte. Daar is net een manier hoe jy permanent van twyfel genees en dit is deur te doen wat God vereis, en te glo dat Sy Wil die beste vir jou is. Wat Hy vir jou wil gee- en nie wat jy van Hom vra nie, is altyd die beste antwoord op jou gebed.

In **Romeine 14:19-23** staan dat as iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie, en enige-iets wat ‘n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.

Ek het persoonlik al ondervind dat hoe verder ek buite God se Wil bid, hoe minder ervaar ek dat my gebed wel beantwoord gaan word. Wanneer mens egter in die Wil van God bid, ervaar jy met ‘n diepe sekere wete dat jou gebed

reeds beantwoord is.

Dan ervaar jy ‘n soort vrede oor die saak wat nie verklaar kan word nie. Dit is iets wat jou byna gelukkig en ontspanne maak ten spyte van omstandighede wat soos ‘n berg voor jou staan, en ten spyte van jou gedagtes wat vir jou wysmaak dat die saak onmoontlik is.

Die satan probeer die mens verlei om aan God se trou en Sy beloftes te twyfel. Hy weet hoe oneffektief daardie onsekerheid jou vir God se koninkryk, en vir gebedsverhoring maak. Reeds in die Paradys het hy twyfel by die mens geskep deur die woorde: “Het God werklik gesê julle mag van geen bome in die tuin eet nie” Hier verdraai hy nie net God se woorde nie, maar hy saai terselfdetyd twyfel oor die geldigheid van God se opdrag.

Twyfel en ongeloof lei ook uiteindelik tot ontevredenheid. Skielik is jy nie meer tevrede met jou vrou, jou voorkoms, huis, voertuig, werk en status in die samelewing nie. As jy tussen 40 en 50jr is word dit toegeskryf aan die mens uitgedinkte toestand met die naam “middeljare krises”. Hierdie “toestand” is **‘n leuen uit die hel**, onbybels en verwyderd van God se waarheid.

Om hierdie stelling as verskoning te gebruik, het tot gevolg dat jou ongeloof en twyfel jou al verder en verder van God af dryf. In **Nùmeri 23:19** staan daar geskrywe: “God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ‘n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie? of spreek en dit nie waar maak nie?”

Die Bybel waarsku ons teen mense met 'n sogenaamde middeljare krises in **Hebreërs 13:5** "Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."

Prediker 1:8 "Al die dinge is so vermoeiend, geen mens kan dit uitspreek nie; die oog kry nie genoeg van sien nie, en die oor word nie vol van hoor nie."

Meneer, tree soos 'n christen teenoor jou vrou op. Plaas jouself vir 'n oomlik in haar skoene en ek waarborg jou dat jy dit nie eens 'n volle dag met jouself sou kon uithou nie. Wees lief vir jou vroutjie, soos dit was op jul huweliksdag. Onthou om te werk aan jou huwelik is 'n belegging vir die toekams eerder as 'n onuithoudbare straf.

Respekteer haar seksuele voor en afkeure, moenie haar dwing om dinge te doen wat sy nie wil doen, net omdat jy daaroor fantaseer nie. Handel skriftuurlik met jou vrou. Moenie haar kristiseer ef afkraak nie, veral nie in die teenwoordigheid van ander mense nie. Vrouens is baie gesteldf daarop dat jy hulle sal respekteer en waardeer en ditdemonstreer.

HOOFSTUK 5
Seks en Liefde

Uit die vele huweliksberadings wat gedoen was, blyk dit dat die meerderheid mans kla, dat hul vrouens koud is, sonder passie vir vleeslike gemeenskap en dat hulle daarom

alternatiewe metodes gebruik om hul seksuele behoeftes te bevredig soos om prnografiese materiaal te besigtig of buite egtelike verhoudings aan te knoop.

Meneer, as jy wil aanhou om jou gees vir die verlokking van die onsedelike praktykte oop te stel, gaan jy nooit jou huwelik herstel kry nie. Inteendeel, jy gaan net dieper en dieper in die gemors beland. As jy die dinge doen wat ek pas hier vermeld het, en jy is bekkommerd oor jou verhouding met jou vrou, stel ek voor dat jy onmiddelik hierdie gruwelike sonde voor God bely en laat staan. Hy is getrou en regverdig en sal jou hierdie sondes vergewe as jy dit bedoel.

Om jou seksuele fantasieë te probeer uitleef met jou vrou op grond van dit wat jy gehoor en gesien het, sal nooit werk nie! Hoekom nie? Want jy het gekyk en geluister na 'n leuen van satan se demoniese magte. Daardie onsedelike posisie waarin die vrouens verkeer en wat lyk asof dit vir die vroue 'n asemrowende seksuele ervaring is, is alles gebaseer op 'n leuen van die satan.

Seks is nie 'n wyse waarop mens liefde betoon nie. Seks is 'n gawe wat die man en vrou van God ontvang het om mekaar te geniet, en jy geniet dit met die persoon vir wie jy lief is. In hierdie konteks het seks en liefde 'n verband, andersyds het die twee niks met mekaar te doen nie. Seks is 'n drang

wat bevredig word. Liefde is geheel en al iets anders en by verre dieper as vleeslike gemeenskap.

Moenie jou vrou manipuleer deur seks te eis en haar te dwing om haar "liefde vir jou" daardeur te bewys nie.
Moenie jouself aan haar opdwing as sy nie lus voel vir seks nie. Sou jy dit wel doen, kan sy volgens wet, 'n klag van verkragting teen jou maak. Die wet is nie daar om jou aan te val of in te meng met jou liefdes lewe nie, dit is daar gestel om die vrou te beskerm teen liggaamlike misbruik.

Geen vrou sal inelkgeval lus voel vir vleeslike gemeenskap as jy teenoor haar optree soos reeds vermeld in hierdie boek nie. Baie mans, wil kort na 'n rusie seks hê by die vrou, en om die vrede te bewaar stem sy maar toe! Daar is uiteen lopende redes vir hierdie verskynsel, maar dit dien vermeld te word, dat dit weereens die man se manier is om sy eie onsekerheid en tekortkominge te verbloem. Hy soek sekuriteit en versekering dat sy vrou hom nog liefhet en wel vergewe het.

Nee Meneer. Dit is nie hoe dit werk nie! Aanvaar jou vrou se woord! al ooit gehoor van die woordjie "voorspel"? Dit beteken nie dat jy 'n halfuur voor die geslagsdaad allerhande sagmaak metodes op jou vrou sal toepas sodat sy minstens

iets kan beteken wanneer julle liefde maak nie.

Elke dag van jou lewe, behoort een groot voorspel te wees teenoor jou vrou. Jy kan nie van Maandag to Vrydag mislik wees met jou vrou en dan Saterdag gou probeer opmaak met 'n romantiese voorspel van 30 minute nie! Die vroue geslag is nie dieselfde saamgestel as die manlike geslag nie. Hulle is aan ons gegee as **hulp**! Nie as gelyke nie. Daarby bedoel ek dat die vrou nie op dieselfde manier as jy oor seks dink en redeneer nie, en hulle behoeftes daaroor verskil.

'n man kan sonder veel aanmoediging klimaks bereik met sy vrou omdat hy hom deur sy drange laat lei. Die vrou laat lei haar deur haar hart en emosies. Emosioneel afgetakelde vroue, is die vroue wat gewoonlik koud is in die bed.
Toets bietjie hierdie stelling van my. Behandel jou vrou vir 14dae soos 'n prinses, en kyk hoe sy begin blom en oopmaak teenoor jou- soms op die onmoontlikste tye! Sy sal aanvanglik eers versigtig wees omdat hierdie skielike ommeswaai in jou optrede vir haar vreemd voorkom, maar sodra sy sien dat jy dit werklik bedoel, sal sy die meeste van jou fantasieë uit haar eie vir jou vervul op haar spesiaale manier.

Vir baie vroue is dit 'n wonderlike ervaring as haar man byvoorbeeld saam met haar in die kombuis doenig raak of help met die huishoudelike takies. Doen dit asseblief sonder

om iets terug te verwag! Wanneer die kinders kerm om haar voete, neem hulle van haar af weg en gaan speel met hulle. As jy terugkom, let op na die kyk in jou vrou se oë!

Jou vrou het jou nie net as liefdesmaat nodig nie. Sy verlang na kameradie, vriendskap, en mentorskap. Jy is in die mees gunstige posisie om al hierdie dinge vir haar te wees. Die dag toe sy met jou getrou het, het sy al hierdie kwaliteite in jou raak gesien! Wie het jou verlei om na te laat om dit te ontwikkel en uit te leef teenoor die vrou wat jy gekies het om die res van jou natuurlike lewe mee saam te wees ?

As jy jou vrou se liefde wil ervaar in sy volheid, ruk jou dan reg en hou op om dikbek te wees as sy van die werk af kom. Ontvang haar vriendelik en liefdevol. Jy is nie die enigste een wat 'n harde dag agter die rug het nie. Doen moeite om saam met haar ten minste een maal per kwartaal na die kinders se skool funksie te gaan of oueraande by tw woon.

Jy sien Meneer, dit lyk nie vir jou so nie, en dit maak nie vir jou sin nie, maar dit is **hierdie dinge** waaraan jou vrou 'n behoefte het. Dit is jou taak, jou plig, as Man, as Pa, as Hoof van die huis, om seker te maak dat jy voldoen aan die behoeftes van jou gesin.

As jou vrou na jou mening "iets simpels" kwytgeraak het, het jy al ooit jouself die vraag afgevra waarom sy so-iets gedoen

het? Wat haar gemotiveer het om so iets te sê? Of het jy dit maar net afgemaak as iets van verbygaande aard? Het jy al ooit daaraan gedink om bietjie dieper in jou vrou se woorde te kyk?

Het jou vrou jou al ooit aangespreek omdat jy vir 'n nader vrou se borste kyk? Wat was jou antwoord? "Ag is nie man ek het in haar algemene rigting gekyk" Komaan ou maat, dit is tyd dat jy eerlik raak met jouself! Jou vrou sou nooit so stelling kwytgeraak het, as sy van mening was dat jy nie 'n behoefte het om na 'n ander vrou se borste te staar nie.

Wat wil ek hierdeur vir jou sê? Jou vrou het nodig om te weet dat sy die enigste een is vir wie jy oë het. As sy daardie voortdurende versekering van jou ontvang, sal sulke gedagtes nie eens by haar opkom nie. Hoeveel maal het jy jou vrou al beskuldig van ontrouheid? Omdat jy self agter die deur staan en met 'n begeerlike hart na ander vrouens
kyk ? Waarom wil jy jou vrou aftrek na dieselfde vlak as waar jy is? Dit is tipies van die hedendaagse mansgeslag om hul gewete te probeer sus, deur valse beskuldigings na hul maats te slinger. Jy het geen benul van watse emosionele skade jy by jou vroutjie aanrig wanneer jy haar valslik beskuldig nie!

Die satan maak jou wys dat sy skuldig is en lyk. Jy glo die

leuen van satan en daardeur berokken jy jou huwelik onsaglike skade. Meneer, as jy jou gedra soos 'n volwaardige lewensmaat vir jou vrou, sal sulke gedagtes nie vatplek in jou kop kry nie. Onthou, God is die openbaarmaker van geheime!

As jy egbreuk in jou gedagtes saai, sal jy presies egbreuk in jou gedagtes maai! Met ander woorde, as jy 'n ander vrou in jou gedagtes begeer, dan pleeg jy egbreuk. Maar dan sal jy ook jou vrou van egbreuk begin verdink in jou gedagtes. Dit is een nimmer eindigende bose kringloop van onsedelikheid wat in jou gedagtewêreld posvat, en net jy kan 'n einde daaraan maak, deur jou gedagtes te onderwerp aan Jesus Christus.

Die koms van ons Heer en Meester, Jesus Christus is veel nader as wat meeste mense besef. Raak ontslae van al die drek in jou lewe! Doen dit nou! Staan op as 'n volwaardige lewensmaat en vader figuur, waarop jyself en jou vrou kan trots wees. Jy is jou nakomelinge en hulle kinders se voorvader! Jy is die sout van die huige geslag. Jy is die een wat jou gemeenskap moet besout met die liefde en waarheidsbeginsels van God se Woord, deur woord en deur optrede, sodat jy met 'n rein hart voor die troon van God kan staan en Sy woorde kan aanhoor wanneer Hy aan jou sê: "Knap gedaan my seun, oor min was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel"

As jy soos verslane sout deur die lewe gaan, waarmee sal jy die nuwe geslag, die opkomende gemeenskap, more se leiers, besout? Hoe sal jy jou eie lewe verryk? Hoe sal jy voor die troon van God gaan staan? Met leë hande of met 'n huwelikslewe wat gekenmerk is aan die leiding van 'n godvresende man wat die Here gedien het en sy huisgesin opgepas en versorg het soos wat God dit van hom verwag?

Meneer, my gebed is dat jy hierdie woorde ernstig sal opneem. Dit is nie toevallig dat jy hierdie boek gelees het nie. God het geweet dat hierdie boekie op jou pad gebring gaan word. Iewers in hierdie boek is daar 'n boodskap wat Hy aan jou wil oordra. Luister daarna en wees gehoorsaam daaraan.

Jy sal in der ewigheid nooit weer terugkyk op jou ou lewe nie. Onthou, hierdie boek bevat maar net die mees algemene verskynsels in talle huishoudings. Die satan se aanvals strategie het nooit verander nie. Huwelike is vir hom 'n groot gevaar, want waar 'n huisgesin 'n geestelike eenheid vorm, daar kan groot skade aangrig word aan sy bose koninkryk, en hy sal geen kans laat verby gaan as dit beteken dat hy jou en jou huwelik kan sink nie.

My eie lewe was ook 'n voorbeeld van hoe ek satan toegelaat het om met sy verwoestings werk voort te gaan. Baie van die dinge wat ek in hierdie boekie genoem het, het ek self ook

gedoen.
Ek was dus net so skuldig soos jy wat dit op hierdie oomblik nog doen. Met die genade van ons Verlosser, was ek egter bevry daarvan en die Here het vir lank 'n pad met my gestap en die uiteinde daarvan was die skryf van vele boeke.

Ek het my skoolgeld betaal, dit was hel duur gewees! Twee huwelike in twintig jaar! Vele huwelike het ek beraad, God se WOORD het egter ook soos 'n twee snydende swaard deur my lewe gekloof en alles ontbloot waar ek gefouteer het. Op 'n jong ouderdom het ek niemand gehad wat hard met my gepraat het om my tot inkeer te laat kom nie. Hierdie boek is in opdrag van God geskryf. Wie 'n oor het om te hoor, laat hom hoor wat die Gees van God aan die getroude mans sê.

Slot

Vir die doel van hierdie boek, wil ek my eie getuienis aan u voorlê. Soos reeds genoem, het my vroutjie my meegedeel dat sy wil skei. Vir 'n paar dae lank het daar 'n yskoue beklemmende gevoel in my binneste gebrand by die wete dat ek my lewensmaat gaan verloor.

Ek wil nie op die besonderhede ingaan oor haar rede vir skei nie, maar kan slegs sê dat die aanslag op my huwelik satanies was. In die proses het satan mense gebruik in 'n kombinasie van leuens, verdraaings oor dinge wat baie jare terug gebeur het. As daar behoorlike kommunikasie tussen my en my vrou was in ons huwelik, sou alle misverstande betyds uit die weggeruim kon word.

Daar is 'n spreekwoord wat lui: "Hy wat met modder gooi, verloor grond." Gedurende hierdie tydperk is daar twaalf belangrike riglyne wat ek geleer het, wat toegepas moet word wanneer jou lewensmaat aankondig dat hy/sy nie meer 'n lewe met jou wil deel nie.

Jou maat probeer van die seer ontslae raak en gooi in die proses modder na jou waar dit regtig seermaak. U sien, u emosionele raamwerk begin by bevrugting, en van daar af

leef ons met invloede in ons lewens.

Ons is dus die produk van 'n reeks saamgestelde invloede wat plaasgevind het in ons vormingsjare. Elke mens se reaksie op sekere gebeure verskil dus en namate ons ouer word, word die wyse waarop ons reageer ons aangepas op grond van ons emosionele en intelektuele ervarings wat ons uitleef.

Wat jy in die gees ervaar, slaan deur na die siel en andersom. Dit is waar die satan se werksarea is. Hy stel slegs belang daarin om jou te vernietig en hy kan dit net regkry as jy hom in jou gees toelaat.

Dit is daarom belangrik om 'n introspeksie te doen om te sien op watter wyse jou gees deur jou siel beïnvloed word en jou siel deur jou gees. U sien ons wese het vyf sintuie nl; ruik, sien, hoor, voel, proe. Hierdie sintuie aktiveer ons emosies. Ons emosies aktiveer ons denke, en die denke aktiveer ons wil. Hierdie aktivering veroorsaak dus 'n sekere reaksie en ons reaksie behoort skriftuurlik te wees.

Soos reeds genoem, bestaan jou siel uit drie komponente nl; jou wil, jou emosies, en jou denke. Omdat mense verskil, ervaar hulle dinge ook anders. Wat vir jou goddelik is, is vir iemand anders demonies, en wat vir jou heilig is, is vir ander slegs goeie maniere. Kyk dus eers na jou maat se

geloofsoortuiging, voordat jy tot gevolgtrekkings kom oor sy/haar optrede.

Die twaalf riglyne wat ek genoem het is nie voorskriftelike reëls nie, dit waarborg geen versoening tussen jou en jou maat nie, en dit verrig ook nie wonderwerke nie, maar dit lê die fondasie vir emosionele genesing.

Hierdie is dinge wat ek persoonlik ervaar het tydens die breuk in ons huwelik. Onthou, dat u nie God kan blameer vir dinge wat gebeur het waar u die satan 'n inkomplek in u lewe gegee het nie. God het in my geval, my onderwerp aan 'n toets en as ek die toets slaag, sou ek soos goud te te voorskyn kom.

Ek wou onder andere huweliksberading doen, en wie is daar beter as iemand wat self in 'n krisis was en deur God gelouter is in die proses? "Iemand wat vir die Heerser van die heelal wil werk, moet immers 'n betroubare cv hê.", het 'n goeie vriend van my op 'n dag gesê. Sou dit die een van die redes wees waarom die onding op my pad gekom het?

Ek was aanvanklik skepties oor die feit dat ek getoets word, en kon dit nie verstaan nie, want ek was onder die indruk dat God egskeidings haat. Volgens my was dit onmenslik om my aan so 'n toets te onderwerp, totdat my goeie vriend Tiaan

Gildenhuys, vir my gesê het, dat juis **dit** die toets Goddelik maak, want uit eie krag kan ek nie die toets deurstaan nie. Dat God wil sien of ek Hom steeds sal liefhê en dien selfs al vind die egskeiding plaas.

Kort voor my vrou se aankondiging, het die Here in die Skrif vir my aangedui dat hy my gaan toets, maar met mate." ek het geen idee gehad wat hierdie toets kon behels nie, en het die skrif aanvaar.

Later sou ek met 'n skok uitvind presies wat God bedoel het! Ek het dus die hoop binne my gehad dat God my sal genadig wees, en die egskeiding bedreiging sal laat ophou voordat dit te laat is.

Aan die anderkant, het ek nie geweet hoe groot God se mate is nie. Terwyl ek dus hier geskryf het, het ek nie geweet of ek wel gaan skei nie en of God op een of ander wyse gaan ingryp en my huwelik herstel. Kortom het ek die vrees vir verwerping gehad en onder sulke omstandighede, laat dit 'n mens met irrassionele denke.

Ek het op een stadium so bevrees geraak vir die alleenheid wat miskien gaan volg, dat ek tot God gebid en gevra het dat Hy maar vir my 'n ander vrou betyds vooraf in my lewe sal

stuur, indien my vroutjie wel sou skei. Vrees is 'n verskriklike ding wat die satan in die kinders van God saai, en dit verwar jou sinne totaal en al as jy dit toelaat.

Dit is dus van uiterste belang om 2 dinge te doen indien jy aan hierdie vrees lei:

A. Jy moet bevryding kry van hierdie vrees.
B. Moet geen besluite neem alvorens jy God in die saak geken het nie.

Die eerste week na my vrou se aankondiging, was dit sekerlik die mees senutergende vrae in my gemoed, naamlik of die egskeiding wel gaan plaasvind en of daar nie na 'n paar dae van uitmekaar wees, dalk sprake van versoening kan kom nie.

Wat hierdie onsekerheid so erg maak, is die feit dat jy jou hart vir jou lewensmaat wil oophou, terwille van 'n moontlike versoening, maar aan die anderkant wil jy nie, want jy vrees die seer wat jy weer gaan ervaar wanneer jou maat volhou met die egskeidingsbesluit.

Indien jou maat verkies om vir 'n ruk eers apart te gaan woon, is dit belangrik dat jy God sal soek in hierdie tydperk en nie op 'n hopie gaan sit en jouself sal bejammer nie. Jou maat doen dit met die doel om te kyk of die liefdesgevoel en moed om die huwelik te hervat, terugkeer.

Behou dus so min as moontlik kontak en gee jou maat die ruimte wat hy/sy verlang. Hierdie tydperk van skeiding, voordat daar 'n besluit geneem word oor die huwelik, moet verkieslik nie langer as 3 weke duur nie. Onthou julle is twee getroude mense met behoeftes aan mekaar. God het dit so bedoel dat julle mekaar sal geniet. Indien die huwelik onherstelbaar verbrokkel het, dan is dit tyd om te skei en aan te beweeg.

Die twaalf riglyne wat ek van gepraat het is asvolg:

1. Moenie ou koeie uit die sloot grawe en dit aanlas by jou rede vir skei nie. Dit is dinge wat verby is, en dra nie by tot die vergemakliking van die pyn wat ervaar word in hierdie tydperk nie. Julle moes buitendien, sulke ou koeie lankal begrawe het.

2. Moenie rusie maak en beskuldigings slinger nie, maak

nie saak of die aantygings waar is aldan nie. Onthou die spreekwoord; "Hy wat met modder gooi, verloor grond"

3. Behandel mekaar op 'n beskaafde volwasse wyse en met respek. Dieselfde geld vir jou telefoon etiket. Mense met gekweste gevoelens is geneig om ongemanierde optrede oor 'n telefoon te gebruik om die ander party so seer as moontlik te maak.

4. Moet geen belangrike besluite neem tydens of kort na die egskeiding aankondiging nie. Jy dink nie rassioneel nie, want die hartseer oorweldig jou denke, en dikwels neem jy 'n besluit, wat jou later as jy beter voel, berou.

5. Moenie die kinders as instrument gebruik om mekaar te manipuleer of te "straf" nie. Dit is die wreedste optrede teenoor jou kind wat geheel en al onskuldig is in die proses. Jou kind het nie gevra vir hierdie situasie nie. Hy/sy was baie gelukkig om albei ouers by hom/haar te hê en gevoelens van "dis my skuld dat my ouers skei" kom in 95% van die gevalle by die kinders voor. Dit is dus belangrik dat jy hulle sal omvou met jou aandag en liefde en nie jou maat se karakter en integriteit voor hulle sal afkraak of in twyfel trek nie.

6. Moenie onnodig verhuis as die ander party dit reeds gedoen het nie. Dit laai net bykomde geldelike las op jou skouers, en die verandering van omgewing vererger jou trauma.

7. Moenie stry oor die verdeling van eiendom nie, los die saak totdat gemoedere gekalmeer het of die prokureur jou kontak om die saak te bespreek. As jy kind van God is, sal Hy vir jou sorg en die nodige aan jou verskaf om op die been te kom.

8. Hou so ver moontlik by die roetine waaraan die kinders gewoond is. Jou eie gevoelens en emosies moet jy beheer terwille van jou kinders. Hulle geestelike en vleeslike welsyn moet voorkeur geniet.

9. Monitor jou kinders vir enige gedragsverandering en manipulasie van 'n ouerlike gesag met die doel om die situasie uit te buit. Ouer kinders is geneig om so situasie te gebruik om hul sin te kry in 'n saak waarvoor daar normaalweg nee gesê word.

10. Hou jou telefoon/selfoon rekening dop. Emosionele mense kry altyd 'n skok as hulle die rekening kry in hierdie tydperk, want jy dink nie aan kostes as jy jou gekweste gevoelens in 'n gesprek of sms weergee nie.

11. Werk vir jou 'n program uit om jouself besig te hou in die tye waarin jy jou maat die meeste mis, want dit is dan wat jou gedagtes en emosies jou sinne versteur. Vra vriende en familie om jou gedurende hierdie tye te besoek.

12. Laastens moet jygebruik maak van 'n vergifnis proses waarin jou maat vergewe. Onthou die riglyne wat ek aan u voorgehou het in die begin van hierdie boek. Net wat jy saai, sal jy maai. As jy vergifnis saai, sal jy vergifnis maai.

Om te vergewe, beteken nie dat jy 'n daad of woord teen jou, goedkeur nie. Dit beteken slegs dat jy daarmee verklaar dat die satan nie meer houvas op jou gees kan verkry, indien so iets weer gebeur en jou siel daardeur aangeval word nie. Dit beteken voorts dat jy die aangeleentheid by die voete van Jesus Christus gaan plaas het, sodat dit jou nie meer sal pla nie.

Jy het ook nodig om jouself te vergewe omdat jy toegelaat het dat jou maat se handeling of woorde, 'n gevoel van verbittering by jou laat posvat het. Onthou wanneer jy iemand anders vergewe, dan vergewe jy eintlik die slegte mens binne in daardie persoon. Die goeie in daardie persoon het nie die vergifnis nodig nie. Jy moet dus vergewe en

vryspreek om self vry te kan wees.

Die vergifnisproses

Stap 1.
Staan op jou voete, sluit jou oë en roep jou maat by die naam. Sien in jou gees hoe jou maat voor jou staan met sy/haar rug op jou gekeer.

Stap 2.
Plaas jou hande denkbeeldig op sy/haar skouers en verklaar die volgende woorde: Naam...."Dit is my keuse om jou te vergewe"
Ek vergewe jou vir.....

Stap 3.

Ek spreek hierdie vergifnis uit in die Naam van Jesus Christus. Gaan nou uit my lewe, gees, gemoed, denke, gedagtes, bewussyn, onderbewussyn, my hele wese.

Stap 4.
In die Naam van Jesus Christus, spreek ek jou nou vry. Gaan! Loop ! (Stoot nou u hande denkbeeldig voor u uit terwyl u die persoon wegstoot.)

Stap 5.
Haal diep asem en blaas uit terwyl u denkbeeldig die geestesbande afkap.

Wenke gee aan die mans wat verhoudingsprobleme het met hul vrouens:

1. *Behandel jou vrou deurentyd met respek en liefde soos wat dit was toe julle pas getroud was,* ***al doen sy nie dieselfde nie.***

2. *Sommige vroue het nie daardie deursettingsvermoeë om haar man in swaar tye by te staan, en onvoorwaardelik lief te hê nie. As jy wel so vrou het, pas haar soos goud op!*

3. *Slaan jou tente op in die rigting van geregtigheid,*

sodat wanneer die aanslae kom, hoe onverdiend of onregverdig ookal, jy staande kan bly.

4. *Moenie God blameer vir jou omstandighede nie. Jy sal jou situasie net vergerger. Bid vir wysheid sodat jy kan weet hoe om op te tree.*

5. *As jy in 'n onmoontlike situasie beland, sorg dat jy vir jou 'n '"noodhulpspan" kry om jou te versorg. Dit moet bestaan uit 'n onpartydige kind van God, 'n Geestelike leier, 'n berader en 'n goeie vriend. Dit is al hoe jy daardeur gaan oorleef.*

EINDE